

Memorandum: Leesboek

Kwartaal 1

Kortverhaal: Nero (Week 1 en 2: Aktiwiteit 5)

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Watter soort verteller is hier aan die woord en hoekom is dit 'n goeie soort verteller vir hierdie verhaal?
Ek-verteller. Die ek-verteller is die beste om sy eie belewenis en ervaring te vertel.
2. In watter ruimte speel hierdie verhaal af?
In die huis waar 'n gesin bly.
3. Waarom sou sy pa-hulle hom wakker gemaak het (paragraaf 3)?
Hy het bo-op sy arms by die eetkamertafel aan die slaap geraak. Sy pa-hulle sou hom wakker gemaak het om bed toe te gaan.
4. Wat het die seun die aand gedoen (paragraaf 8)?
Hy het plakkate gemaak wat hy orals wou opsit om te sê dat sy hond, Nero, weggeraak het.
5. Waarom het hy nie sy eie selfoonnommer op die plakkaat gesit nie?
Hulle mag nie selfone by die skool beantwoord nie en hy was bang iemand bel gedurende skooltyd. Hy wou nie hê 'n geleentheid om die hond te kry, moet verbygaan nie.
6. Hoe word dit uitgehef dat daar inbrekers (paragraaf 10) in die huis is?
Alleenplasing in 'n sin en paragraaf.
7. Die seun het aanvanklik gedink dat sy ouma 'n glas water laat val het. Wat was die glas wat hy hoor breek het?
Hy het die glas hoor breek van die skuifdeur of venster waardeur die inbrekers in die huis gekom het.
8. Lees weer paragraaf 18.
 - 8.1 Watter geluid word hier nageboots?
'n Hond se geblaf.
 - 8.2 Hoe word hierdie geluid gewoonlik beskryf?
Gewoonlik skryf mens dit as woef. Die wharf klink baie harder en erger.
 - 8.3 Met watter woord in paragraaf 19 hou hierdie geluid verband?
Brul.
9. In paragraaf 29 staan daar *Ek bly skielik stil*. Waarom het die seun stilgebly?
Sy pa se gesigsuitdrukking het vreemd, anders as gewoonlik gelyk.
10. Watter skokkende nuus vertel die pa aan die seun?
Nero is dood. Iemand het die plaatjie om sy halsband gesien en vir sy ma geskakel en vertel dat die hond dood is.
11. Haal 'n sinsnede uit paragraaf 34 aan om die seun se skok te beskryf.

Dit voel of my bloed in yskaswater verander.

12. Daar is altyd botsings in 'n verhaal.

12.1 As die inbrekers die huismense met 'n mes aanval, is dit 'n ... botsing.

Uiterlike fisiese botsing.

12.2 As die seun hartseer is oor sy hond se dood, is dit 'n ... botsing.

Innerlike botsing.

13. Hierdie verhaal word as 'n spookstorie beskryf. Watter ander soort verhaal kan dit ook wees?

Spanningsverhaal.

Gedig: Die begrafenis (Week 3 en 4: Aktiwiteit 16)

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Hierdie is 'n baie ou gedig. Eitemal, skuilnaam van dr. W.J. du P. Erlank, is in 1901 gebore. Haal twee woorde aan waaruit jy kan aflei dat hierdie 'n ou gedig is.

Enige twee van die volgende: begrafenis (ou spelling), vlees (in plaas van vleis), manel (kledingstuk vroeër jare gedra).

2. Hoe weet jy dat die vreemdeling net nuuskierig is en nie werklik belangstel in die persoon wat dood is nie?

Hy vra net en loop dan verby.

3. Hierdie gedig se strofes bestaan uit twee versreëls elk.

3.1 Wat word 'n strofe genoem wat uit twee versreëls bestaan?

Koeplet.

3.2 Watter rymskema word gebruik?

Paarrym bind die strofes tot 'n eenheid.

4. Watter enkele woord in strofe 2 dui aan dat die bure nie oor die vrou se dood huil nie?

Sug.

5. Die dokter beskou die vrou slegs as 'n pasiënt. Haal woorde aan om hierdie stelling te bewys.

“'n Allermoeilikste geval.”

6. Waarom het die twee kleintjies dik snye brood in die hand? Seker nie omdat hulle honger is nie?

Hulle word getroos deur vir hulle iets te gee om aan te eet. In die ou tyd was brood 'n lekkerny.

7. Hoe weet jy dat die man baie hartseer is? Verduidelik.

Hy staar na die grond en die twee diep lyne om sy mond dui op hartseer en swaarkry met die afsterwe van sy vrou.

8. Die woorde in versreël 11 gaan oor in versreël 12. Wat noem ons dié stylmiddel en watter funksie vervul dit hier?

Enjambement. Bind die twee versreëls tot 'n eenheid wat saam gelees word – een sin.

9. Progressie is ontwikkeling. Dink jy hier is progressie in dié gedig? Voltooi die volgende: Die gedig begin by 'n vreemdeling wat die vrou glad nie geken het nie, dan beweeg dit na die bure en die dokter wat haar net oppervlakkig geken het. Dan word die ... **kinders van die ma wat dood is, genoem en laastens die man wat diepe hartseer ervaar. Dit ontwikkel van 'n buitestaander tot mense wat nou by die vrou betrokke is.**

Drama: Die kat kom weer (Week 5 en 6: Aktiwiteit 22)

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Waarop sinspeel die titel *Die kat kom weer*?

Dit word gewoonlik gesê van iets wat herhaaldelik gebeur. Dit verwys na die nege lewens van 'n kat. Dit is iets wat herhaaldelik gebeur.

2. Die liedjie *Die kat kom weer* vervul 'n belangrike funksie. Verduidelik.

Dié liedjie word aan die begin van die toneelstuk gespeel en dit vorm ook die slot aan die einde.

3. Lily vra in spreekbeurt 8 of sy die mooiste meisie is. Waarom het haar ma haar nie geantwoord nie?

Sy wou dalk nie vir haar sê dat sy baie mooi is nie en het die verskoning gebruik om te sê die vleis brand.

4. In spreekbeurt 10 kry ons 'n toneel binne 'n toneel. Verduidelik wat hier gebeur het.

Lily speel haar en Jakob se rolle. Sy speel die toneel waar Jacob haar gaan vra om met hom te trou.

5. Bestudeer spreekbeurt 17 asook die toneelaanwysings voor hierdie spreekbeurt.

5.1 Watter funksie het dié toneelaanwysings?

Dit dui aan die akteurs presies watter handeling hulle moet uitvoer: die pa gooi die sak na buite en kruip onder die tafel in. Koos Konstabel bars in en val op sy knieë voor Lily.

5.2 Let op die woordspeling van die woord *kat* dwarsdeur hierdie toneel. Waarom sou hy haar 'n *katjie* noem?

Hy soek die katte en noem haar dan ook sommer 'n katjie.

5.3 Koos Konstabel se naam vertel baie van homself. Wat merk jy omtrent Koos Konstabel se naam? Verduidelik volledig.

Gewoonlik sou dit Konstabel Koos gewees het. Hier gebruik hulle dit amper as 'n "van". Dit allitererende k-klank is ook treffend.

6. In die karakterlys word gesê dat Koos Konstabel "bietjie dom" is. In spreekbeurt 22 kom 'n baie belangrike kenmerk van hom na vore wat dwarsdeur die toneelstuk gebruik word om humor te skep. Verduidelik.

Hy herhaal alles wat hy sê. Dit skep 'n komiese effek. Die ma herhaal ook soms goed juis om hiermee die spot te dryf.

7. Waarmee dreig Koos Konstabel hulle telkens as hulle hom "mal" noem?

Hy sal hulle hof toe sleep vir naamskending.

8. Bestudeer spreekbeurt 33 noukeurig.

8.1 Watter spreekwoord wat gewoonlik gebruik word, word hier verdraai?

Daar word gewoonlik van die lang arm van die gereg gepraat.

8.2 Hoe word hierdie spreekwoord verdraai om by die tema te pas?

Hy sê die skerp nael van die gereg slaan toe. Dit verwys na die kat se naels wat ingeslaan word. Dit sluit by die katte-tema in.

8.3 Waarop wys die woorde *drie katte in 'n sak* letterlik en figuurlik?

Letterlik verwys dit na die drie katte wat die pa gesteel het. Figuurlik beteken dit dat hy (Koos Konstabel) hulle uitgevang het.

9. Bestudeer spreekbeurt 40 noukeurig. Wat dui die stippels (ellips) aan en hoe sou dit in 'n toneelstuk uitgebeeld word?

Dit dui aan dat die ma dink daarvoor wat sy wil sê. Sy stotter omdat sy nie weet wat om te antwoord nie. In die toneelstuk sou die ellips 'n pouse aandui.

10. Die naam wat hulle vir die pa gee (wat soos 'n meisie aangetrek is) het hulle amper in die moeilikheid gebring.

- 10.1 Hoe het hulle die probleem probeer oplos?

Hulle het lank terug (kastig met oorlede pappa se dood) besluit om haar nie meer Blossom noem nie, maar eerder Rose. Hierdie is 'n liegstorie wat hulle fout verbloem.

- 10.2 Die keuse van hierdie naam vir die pa is ironies. Bespreek.

'n Blom-naam word aan die pa gegee. Dit is ironies dat hy na 'n blom vernoem word, want hy is juis 'n man.

- 10.3 Waarom word "Rose" orals in die toneelaanwysings tussen aanhalingstekens geskryf?

Dit is nie werklik Rose nie, maar die pa. Die naam word buite konteks gebruik.

11. Hulle voer die konstabel koringbier wat hulle self gebrou het. Waarom dink jy wou hulle hom dronk maak?

'n Konstabel is nie veronderstel om te drink terwyl hy werk nie, dus kan hy self in die moeilikheid hieroor kom.

12. Die pa doen en sê alles wat Lily doen soos wat sy in spreekbeurt 32 vir hom gesê het om te doen.

- 12.1 Dink jy sy het bedoel dat hy alles wat sy sê moet herhaal? Wat het sy eintlik met daardie woorde bedoel?

Nee, sy het seker net bedoel hy moet soos 'n meisie praat en optree.

- 12.2 Watter effek het hierdie nabootsing?

Omdat die pa alles herhaal wat sy sê (en ook later uitbars van die huil as sy huil), is dit baie komies en dra by tot die oordrewe spel wat 'n kenmerk van 'n klug is.

13. Bestudeer spreekbeurt 93 noukeurig.

- 13.1 Waarvoor is die toneelaanwysings daar?

Om vir die akteur te sê hoe hy moet optree. In hierdie geval moet hy maak of hy deurmekaar/verward is.

- 13.2 Waardeur word hierdie woorde uitgehef?

Hierdie woorde moet vraend (daar is 'n vraagteken) uitgeroep word (daar is 'n uitroepteken).

14. Spreekbeurte 101 tot 104 is daar weer 'n verwysing na die kat.

- 14.1 Hoe beweeg Koos Konstabel as hy haar versigtig soos 'n kat benader.

Hy skuif saggies en ongemerk nader. 'n Kat loop mos baie saggies (katvoet).

- 14.2 Watter twee sake lei jy af as hy sê: "Kom ons twee gaan sjoek die kat in die kamer!"

Die gebruik van die woord *sjoek* dui daarop dat hy dronk is. Hy wil alleen met dié “meisie” in die kamer wees.

15. Bestudeer spreekbeurte 125 tot 129 met aandag.

15.1 As Koos Konstabel vir “Rose” ’n soentjie gee, praat “Rose” weer die eerste keer in “pappa” se stem. Wat het hier gebeur?

Die pa is onkant gevang deur hierdie toenadering en het vir ’n oomblik vergeet om in ’n hoë stemmetjie te praat.

15.2 Wat kan jy uit Koos Konstabel se reaksie (spreekbeurt 127) aflei?

Hy is baie agterdogtig.

16. Waarom is dit vir Lily soveel erger dat Jakob vroeër vir “Rose” gekies het?

Sy het geweet dit is haar pa wat as ’n meisie vermom is.

17. In die slot sê Lily, Mamma, Jakob en Koos Konstabel gelyk: Dis die kat!

Hoe skakel dit met die titel van hierdie klug?

Dit sinspeel daarop dat die kat weer kom – die gebeure het so begin en dit wat reeds gebeur het, kan weer herhaal word.

Volksverhaal: Die miertjie wat wou kriek (Week 7 en 8: Aktiwiteit 30)

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Is hierdie verhaal ’n sprokie, ’n legende of ’n fabel? Motiveer volledig.

Dit is ’n fabel, want diere is die karakters, hulle kan praat. Daar is ook ’n lewensles uit die verhaal te leer.

2. Watter soort verteller is aan die woord? Is dit ’n eerstepersoons- (ekverteller) of ’n alomteenwoordige verteller?

Dit is ’n alomteenwoordige verteller. Hy weet wat in al die karakters se gedagtes omgaan.

3. Is ’n mier gewoonlik lui? Waarom is dit ironies dat dit juis ’n mier is wat ontevrede is omdat hy so hard moet werk? Verduidelik volledig.

Nee, miere is bekend daarvoor dat hulle hard werk, daarom is dit ironies dat hierdie mier so lui is.

4. Die woord *leeglê* beskryf Miertjie die beste. Vorm ’n persoonsnaam van hierdie woord tussen hakies: Miertjie is ’n regte (leeglê) wat te lui is om te werk.

Leeglêer (let op spelling).

5. Hoe word Kriek se stem beskryf in paragraaf 3? Is dit ’n goeie woord om sy stem te beskryf?

Skril. Ja, dit is ’n goeie woord om sy stem te beskryf, want die geluid wat ’n kriek maak, is deurdringend en maak jou ore seer!

6. Skryf die betekenis van die volgende uitdrukkings neer:

6.1 ’n Steen des aanstoots

’n Groot afkeer van iets.

6.2 Sy Moses teëkom

Hy het les opgesê.

6.3 Mossie, maar man.

Klein, maar sterk en vindingryk.

7. Watter woord word in paragraaf 6 herhaal wat die geluid wat krieke maak, beskryf?
Irriterend.
8. Haal twee vergelykings uit die verhaal aan.
So arm soos 'n kerkmuis
So vlytig soos 'n mier
9. Haal 'n woord uit die teks aan wat dieselfde beteken as *argument*. Is dit 'n gepaste benaming vir 'n argument? Verduidelik.
“Woordgeveg.” Dit is 'n gepaste beskrywing, want die twee is besig om met woorde te baklei.
10. Watter twee interessantheide (feite) omtrent 'n kriek leer 'n mens in hierdie verhaal?
Die kriek-geluid is wanneer krieke hulle vlerke teen mekaar vryf.
Dit is slegs mannetjies wat kriek.
11. Skryf die lewenswaarhede wat jy uit hierdie verhaal geleer het in jou boek neer.
Die leerders kan enige toepaslike lewenswaarheid neerskryf: wees tevrede met jou lot; doen jou werk sonder om te kla; jy weet nie wat ander se werk behels voordat jy dit nie self gedoen het nie; elke persoon het sy eie probleme.

Gedig: Klein geloof (Week 7 en 8: Aktiwiteit 31)

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Die opskrif is *klein geloof*. Wat merk jy op ten opsigte van die hoofletters hier? Wat sou die rede hiervoor wees?
Dit is kleinletters geskryf. Dit beklemtoon die geringheid (kleinheid) daarvan.
2. Bestudeer die uiterlike bou (die aantal versreëls in elke strofe).
2.1 Strofes 1, 2 en 4 bestaan elkeen uit 4 versreëls. Wat word 'n strofe met 4 versreëls genoem?
Kwatryn.
- 2.2 Wat merk jy op omtrent strofe 3 (versreël 9 tot 11)?
Dit bestaan uit 3 versreëls. Dit is 'n tersine. Die strofe lyk anders as die ander.
3. Wat wil die eerste twee strofes (versreëls 1 tot 8) eintlik sê?
Al die goed waarin klein kindertjies glo (tandemuis, man in die maan, kabouters en Kersvader) bestaan nie werklik nie.
4. Bestudeer die woorde *ek het al my sprokies brand gestee* (versreël 9) met aandag.
4.1 Wat beteken hierdie woorde?
Dit beteken aan die brand gestee, dus verbrand, sprokies bestaan nie werklik nie.
- 4.2 Word die woord *brand* hier letterlik of figuurlik bedoel?
Dit word figuurlik bedoel.
5. Waarom is versreël 11 *EK KAN BEWYS* in hoofletters geskryf? Verduidelik.
Dit beklemtoon dat dit bewys kan word – dit is dus nie fiksie/n sprokie nie.
6. Watter woord in versreël 12 wys dat daar 'n teenstelling volg?
Maar. Dit is 'n teenstellende voegwoord.

7. As 'n mens sommer vinnig die laaste twee versreëls lees, dink 'n mens dit verwys na 'n ridder op 'n wit perd. Maar as 'n mens mooi kyk na die hoofletter P Prins en die verwysing na donkie kan dit dalk 'n ander betekenis hê. Verduidelik.

Dit kan moontlik verwys na die Here wat haar moet red. Die redding word in 'n gebed gevra.

Kortverhaal: Bangbroek en sy maat (Week 9 en 10: Aktiwiteit 5)

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Wie is die hoofkarakter in hierdie verhaal en hoe weet jy dit?

Hessie Vermaak. Die hele verhaal gaan oor haar.

2. Hoe word dit in die eerste paragraaf beklemtoon dat Hessie 'n oulike meisie was?

Sy word as 'n nooi duisend beskryf. Daarna verander die verteller dit na een uit 'n miljoen.

3. Aan die begin (paragraaf 2 en 3) en aan die einde (paragraaf 29 en 30) word die woorde van 'n liedjie weergegee. Oor wie gaan hierdie liedjie en hoe word sy beskryf?

Hessie Vermaak. Sy word uiterlik beskryf in hierdie liedjie (hoe sy lyk).

4. In die begin van paragraaf 4 is daar 'n kontras. Dui dit aan. Hoe is iemand as haar hande vir niks verkeerd staan nie?

Sy is klein en fyn, maar sy is baie sterk en fluks. Iemand wat se hande vir niks verkeerd staan nie, is baie fluks, handig en nie bang vir werk nie.

5. Watter enkele woord in die eerste sin van paragraaf 6 dui daarop dat Bêrend nie werklik welkom by Hessie is nie?

Ontydig.

6. Wat beteken dit as Bêrend *J ... J ... ja, Hessie* (paragraaf 7) antwoord?

Hy stotter, hy is onseker en dalk selfs bang.

7. Wat beteken dit as iemand *druipstert* (paragraaf 8) by die huis uitsluit?

Dit beteken hy voel afgehaal.

8. Dink jy om drank as *lawaiwater* (paragraaf 8) te beskryf, is gepas? Motiveer jou antwoord.

Dit is 'n goeie beskrywing. Mense wat te veel drink, is gewoonlik lawaiierig/luidrugtig.

9. Haal woorde uit paragraaf 11 aan wat daarop dui dat 'n persoon durf en moed het.

Murg in sy pype.

10. Wat het Koot gaan drink om hom te vertroos toe hy s'y opdrag hoor?

Versterkdruppels op brandewyn.

11. Waar speel hierdie gebeure af? Is hierdie 'n geskikte ruimte (plek) om die twee ouens 'n les te leer?

In die spookhuis. Dit is 'n geskikte plek om die ouens bang te maak en sodoende 'n les te leer.

12. Haal 'n klanknabootsende woord uit paragraaf 17 aan en dui aan watter klank nageboots word.

Woep-krrr! Dit boots die klank van amandels wat hy raakkap dat die doppe so spat, na.

13. Bestudeer paragraaf 18 met aandag.

13.1 Hoe word hierdie paragraaf uitgehef?

Dit is een sin. Dit is alleenplasing.

13.2 Skryf al die woorde wat met die dood verband hou, neer.

Sterf, dode, kis.

14. Hierdie is 'n ou verhaal.

14.1 Bewys hierdie stelling deur outydse woorde aan te haal.

Nooi, tiekiedraai, lökkies, versterkdruppels, kontrei, ensovoorts.

14.2 Waarom verskyn die mense met lanterns op die stoep (paragraaf 26)?

Dit is 'n ou verhaal. Hulle het nie elektrisiteit nie en gebruik dus lanterns.

15. Vul jou spellys aan met die volgende woorde uit die kortverhaal:

Kwajongens (stouterds) – nie kwaaijongens nie.

Ketting – kettinkie (g val weg)

Dapperheid

Beneweld (deurmekaar)

Gedig: Versie van Philip de Vos (Week 9 en 10: Aktiwiteit 38)

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Bestudeer die eerste twee versreëls.

1.1 Hoe word hierdie versreëls uitgehef?

Die woorde word herhaal. Die vraag word twee keer gevra.

1.2 Wat noem ons die vrae waarop nie 'n antwoord verwag word nie?

Retoriese vrae.

2. In versreël 3 en 4 vra die spreker of 'n mens iets van 'n krokodil kan leer. Lees versreël 21 en 22 en skryf dié kenmerk van 'n krokodil neer.

As 'n krokodil 'n groot stuk vleis insluk, veroorsaak dit drukking op sy traankliere en water stroom uit sy oë. Dit lyk kompleet asof hy huil.

3. Watter rympatroon kry ons in versreël 5 en 6 en ook in versreël 7 en 8?

Paarrym.

4. Waarna verwys die woord *krokodilpupille* (versreël 6)?

Die krokodil se twee ogies wat altyd bo-op die water sigbaar is.

5. Die krokodil word in versreël 10 as 'n *bruin gebroedsel* beskryf.

5.1 Is hierdie verwysing positief of negatief?

Negatief.

5.2 Wat beteken hierdie woorde?

Dit is iets veragtelik/baie sleg.

6. Versreël 13 tot 15 begin met dieselfde woord. Wat word daardeur bereik?

Die woord na dui aan waarna die krokodil alles kyk. Dit word een vir een opgenoem.

7. As 'n krokodil jou beet kry moet jy bid (versreël 16 en 17). Watter soort gebed word in versreël 18 en 19 gebid?

Dit is 'n tafelgebed (dit wat 'n mens gewoonlik bid voordat jy begin eet).

8. Skryf die korrekte woord vir die woord *tevree* (versreël 22) neer.

Tevrede.

9. Die vraag in die eerste versreël word in versreël 23 herhaal. Hoe word die antwoord op hierdie vraag uitgehef of beklemtoon?

Die antwoord NEE! word uitgehef deur die gebruik van hoofletters, die uitroepeteken en die woord staan alleen in versreël 26.

10. Hierdie gedig het nie 'n titel (opskrif) nie. Gee vir die gedig 'n eie oorspronklike titel.

Leerdere gee eie omlieke titel: Pas op vir die krok!

Kwartaal 2

Kortverhaal: Deur 'n loergaatjie (Week 1 en 2: Aktiwiteit 48)

Kolom A	Kolom B
1. Plek of ruimte	Dit is die plek waar die verhaal afspeel.
2. Uiterlike botsing	Die karakter het 'n vuishou teen die ken gekry.
3. Innerlike botsing	Die karakter voel skuldig oor wat hy gedoen het.
4. Eerstepersoonsverteller	Die ek-verteller
5. Alomteenwoordige verteller	Die verteller weet wat elke karakter voel en dink.

Vrae en voorgestelde antwoorde

- Wat was die jongman se onmiddellike goeie argument (paragraaf 1)?
Sy het die deur oopgemaak vir 'n vreemdeling, sonder om daaraan te dink dat dit gevaar kon inhou.
- "... vir die byna kinderlike entoesiasme..." (paragraaf 7). Is hierdie man kinderlik? Waarom is die gebruik van die woord *kinderlik* hier ironies?
As die slot van die verhaal in gedagte gehou word, is die man alles behalwe kinderlik en onskuldig. Dit is net 'n front wat hy voorhou.
- Paragraaf 8 is 'n lang paragraaf waarin die man sonder ophou praat.
 - Wat was sy doel met hierdie hele gesprek?
Hy wou haar ompraat en oorreed om hom in die woonstel toe te laat.
 - Slaag hy in hierdie doel van hom? Motiveer.
Ja, hy oortuig haar, want sy vra hoeveel 'n loergaatjie kos.
- Die huis is stil agter haar* (paragraaf 11). Watter afleiding kan jy hieruit maak?
Sy is alleen tuis en niemand kan haar help nie.
- Progressie is ontwikkeling. Is daar 'n mate van progressie in hierdie verhaal?
Daar is 'n definitiewe progressielyn in hierdie verhaal:
 - Van buite die blyplek tot by die deur en daarna tot binne die woonplek.
 - Van verkoopsman tot moordenaar.
 - Van veilig tot weerloos.
- Waar tref ons die klimaks of hoogtepunt in hierdie verhaal aan?
Die hoogtepunt word in die slot van die verhaal aangetref wanneer die man in die woonstel is en die vrou kan leed aandoen.
- Waarom kan hierdie hele verhaal as ironies gesien word? Verduidelik.
Die hele verhaal kan as ironies gesien word, want die persoon wil iets koop om haar te beveilig. Dit skep die geleentheid en lei tot misdaad.
- Uit watter oogpunt word hierdie verhaal vertel? Is dit 'n eerstepersoonsverteller of 'n alomteenwoordige verteller?
Alomteenwoordige verteller.
- Watter uiterlike botsings kom aan die einde van die verhaal voor?

Die fisiese botsing toe die verkoopsman 'n boor as wapen gebruik het om die meisie te oorrumpel.

10. Waarom het die karakters in die verhaal nie name nie? Wat word daardeur bereik?

Dit maak die verhaal op almal van toepassing. Dit waarsku die leser om nie vreemdelinge te vertrou nie.

11. Wie is die hoofkarakter van die verhaal? Gee 'n beskrywing van hom deur na sy innerlike karaktertrekke en sy uiterlike handeling te verwys. Hierdie opdrag moet in 'n paragraaf van ongeveer 80 woorde aangebied word.

Die verkoopsman is die hoofkarakter in hierdie verhaal.

Hierdie is 'n ideale geleentheid om die leerders te onderrig in die skryf van paragraaf-tipe opstelvraag. Wys hulle op die volgende:

- 'n Opstelvraag word altyd in volsinne geskryf.
- Paragrafe moet duidelik en korrek wees.

Hierdie opdrag moet in 'n skryfstuk van ongeveer 80 woorde aangebied word.

Voorbeeld:

Hierdie is 'n baie geslepe skelm. Hy is jonk en vriendelik. Hy is glad met die mond en het ooredingsvermoë. Hy is 'n goeie verkoopsman. Hy beduie baie en sy hande praat saam met sy woorde. Hy is handig en kan netjies boor. Hy is slu, want hy het met voorbedagte rade tot binne in haar huis gekom. Hy is gewelddadig en druk die boor teen haar keel.

Aantal woorde: 68

Volksverhaal: Die riete wat gepraat het (Week 3 en 4: Aktiwiteit 58)

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. In 'n gewone verhaal gebeur dinge wat werklik kan plaasvind. In 'n sprokie gebeur die onmoontlike. Skryf al die eienskappe van 'n sprokie wat in hierdie verhaal voorkom, neer. Gee voorbeelde indien moontlik.

Daar is gewoonlik 'n held in die sprokie, die prins met die donkieore is die held.

Daar is gewoonlik 'n koning/koningin betrokke.

Feetjies kom in 'n sprokie voor en hulle kan wonderwerke verrig.

Onmoontlike dinge gebeur: riete kan nie praat nie, maar in hierdie sprokie kan hulle wel.

Die goeie oorwin altyd en 'n sprokie het 'n gelukkige einde.

2. Die tema van 'n verhaal is die lewensles of lewenswaarheid wat daaruit spruit. Watter lesse kan ons uit die verhaal leer? Skryf dit neer.

'n Goeie heerser maak sy hele land gelukkig.

Dit is nie hoe 'n persoon lyk wat saak maak nie, maar hoe hy optree (nie die uiterlike nie, maar die innerlike).

'n Mens moet leer om 'n geheim te bewaar en nie altyd alles wil uitblaker nie.

Gedig: Vryheid (Week 5 en 6: Aktiwiteit 68)

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Aan die begin van elke strofe word die woorde *die son*, *die veld*, *die kranse* en *die mens* alleen geplaas in die versreël. Wat is die funksie van hierdie alleenplasing?

Hierdie woorde word uitgehef en die strofe handel daaroor.

2. Kyk mooi na die woord *geelgoud* in versreël 3. Hoe word die intensiewe vorm van die woord *geel* gewoonlik geskryf? Verduidelik.

Geel se intensiewe vorm is *goudgeel*. Die twee woorde is omgeruil.

3. Wat is die funksie van die dubbelpunte in elke strofe?

Na die dubbelpunt volg die verduideliking van wat elkeen sê.

4. Bestudeer die woorde *vryheid is 'n ongebonde kwagga* in versreël 9 noukeurig.

4.1 Watter soort beeldspraak kry ons as die een saak gelyk gestel word aan die ander?

Dit is 'n metafoor.

4.2 Gee 'n ander woord vir *kwagga*.

Sebra.

5. Watter kleur is *vol blonde koringlande* (versreël 11 en 12)?

Die kleur van die koringlande: dus ligbruin, beige, roomkleur.

6. Haal 'n voorbeeld van klanknabootsing in die derde strofe (versreëls 13 tot 17) aan.

Klots.

7. Personifikasie is wanneer daar menslike eienskappe aan nie-menslike dinge gegee word. In hierdie gedig is daar talle voorbeelde van personifikasie. Haal enige voorbeeld van personifikasie uit die gedig aan.

“Die son lig sy kop.”

“Slapende see.”

“Die veld wuif (waai).”

“Die kranse glimlag.”

8. Die mens glo nie dat vryheid bestaan nie (versreëls 21 tot 23).

8.1 Hoe word hierdie woorde in die laaste strofe uitgehef?

Elkeen van hierdie woorde staan in 'n aparte versreël. Alleenplasing van die woorde.

8.2 Dink mooi! Watter funksie vervul die punt aan die einde van hierdie strofe?

Dit is so asof die mens sê: vryheid bestaan nie, punt en klaar! Dit beklemtoon die finaliteit dat die mens dink dat vryheid nie bestaan nie.

Kwartaal 3

Drama: Gulsige Harry (Week 3 en 4: Aktiwiteit 88)

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Lees die neweteks in spreekbeurt 2. Watter afleiding kan jy daaruit maak?
Ons kan uit Muriel se handeling deur op haar horlosie te kyk, aflei dat dit laat is en dat sy haastig is. Sy het nie daardie tyd van die aand gaste verwag nie.
2. Bestudeer spreekbeurt 2 stem Muriel se woorde en haar handeling nie ooreen nie. Verduidelik.
Sy glimlag flou, maar sê dit is 'n verrassing.
3. Harry sê: “Ja, Ja, ek weet,” (spreekbeurt 3). Wat wéét hy?
Hy weet hy is onwelkom/ontydig.
4. Waardeur word Muriel se moedeloosheid in spreekbeurt 4 beklemtoon?
Sy sug.
5. Wat word deur Muriel se woning, die ruimte waar die drama afspeel, verklap?
Sy is welgesteld/ryk.
6. Wat is die funksie van die ellips in spreekbeurt 9?
Jy kan jou gedagtes daar invoeg en dink aan die verskillende soorte paddas.
7. Hoe dink jy sal 'n ellips op die verhoog uitgebeeld word?
Die akteur sal vir 'n oomblik stilbly.
8. Verduidelik Muriel se handeling in spreekbeurt 10.
Sy loop weg van die akwariums, want sy wil Harry se aandag verplaas.
9. Die motoriese moment in 'n drama is wanneer die aksie begin. Waar sou jy sê is die motoriese moment in die drama?
Die aksie begin wanneer Harry die rewolwer uitpluk.
10. Was Muriel regtig bekommerd dat Harry die kristalpaddas sou steel?
Nee, sy het geweet van die giftige paddas wat haar kosbaarhede “beskerm”.
11. Wat is die funksie van die ellipse in spreekbeurte 32 en 34?
Dit suggereer dat die gif begin werk. Harry kry nie asem nie.
12. Karakteriseer Harry in een enkele woord.
Gulsig.

Gedig: Die padda wou gaan opsit (Week 3 en 4: Aktiwiteit 89)

Vrae en voorgestelde antwoorde

Die padda wou gaan opsit

1. Waarna verwys die titel *Die padda wou gaan opsit*?
Die padda wou gaan kuier/vry met sy nooi.
2. Waar woon die padda se nooi?
In die vlei.
3. Kies die korrekte woord in onderstaande sin en skryf dit neer.

Die padda **vlei/vly** sy meisie met mooi woordjies. **Vlei.**

Die woord vly word as volg gebruik: Hy vly hom op die gras neer (vly = saggies neerlê).

4. Verduidelik die gebruik van die woord *opsitkers* in versreël 4.

'n Kers wat vroeër jare deur ouers by 'n vryery laat brand is. Wanneer die kers uitgebrand was, moes die jongman huis toe gaan.

5. Watter plan het die padda gemaak om 'n liggie te bekom om te kon gaan kuier by sy nooi, en waarom juis die plan?

Hy wou 'n vuurvliegie huur, want 'n vuurvliegie glim in die donker.

6. Watter ontstellende nuus het padda verneem toe hulle by sy nooi se huis aankom en waarom was hy ontsteld?

Vuurvlieg se lig is aan sy stert vasgesweis en hy sou moes opsit met die vuurvliegie wat vir hulle sit en kyk en alles kan hoor.

7. In die laaste strofe sê die padda die opsitlig is te duur. Hoeveel geld sou hy moes betaal as hy vir twee uur by sy nooi wou kuier? **R1,20**

8. Wie of wat is 'n *luistervink* (versreël 29)?

Iemand wat sit en afluister. In die liriek sou die vuurvlieg die luistervink wees.

9. In hierdie liriek tref ons baie herhalings aan. Wat is die doel daarvan?

Die herhalings versterk die liriese aard van die liriek en verhoog die musikaliteit daarvan.

Die padda het 'n kwelling

1. Waaroor is die padda bekommerd?

Oor die knobbel op sy toon.

2. Gebruik 'n woordeboek en slaan die betekenis van die woord *knobbel* na.

'n Knobbel is 'n dik verharding, soos 'n vrat, op die vel.

3. Verduidelik in jou eie woorde wat met versreël 4 bedoel word.

Die padda sukkel met sy vratvoet teen die bult uit na waar die dokter woon.

4. Skryf 'n voorbeeld van binnerym uit versreël 4 neer.

Die woorde *hobbel* en *bobbel* rym met mekaar.

5. Skryf in jou eie woorde neer waarom die padda moedeloos was toe hy hoor die dokter sal sy voet moet opereer?

Hy beskik nie oor 'n goeie mediese fonds nie.

6. Watter oplossing bied die dokter vir die padda se probleem?

Die padda moet na die staatshospitaal gaan.

7. Wat was die uiteinde van die padda se probleem?

Die padda het huis toe gegaan en sy vratjie aanvaar.

8. Waarom is die inhoud van hierdie liriek ironies?

Dit is ironies dat die padda dokter toe gaan oor 'n knobbel aan sy voet, maar die meeste paddas het knobbels en vratte.

Verrykingsopdrag: Kortverhaal: Hoor hoe sing die reënboog (Week 5 en 6: Aktiwiteit 99)

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Watter soort verteller tref ons in die verhaal aan? Bewys jou antwoord deur 'n aanhaling neer te skryf.

Alomteenwoordige verteller. “ ... maar haar volgende woorde het hom heeltemaal onverhoeds betrap...”

2. Bespreek die ruimte waar die twee karakters mekaar ontmoet.

Die ruimte waar die gebeure afspeel is by 'n bushalte by Koppie Alleenstraat waar hulle vir die bus wag.

3. Hoe sluit die naam van die straat by die gemoedstoestand van die seun aan?

Koppie Alleenstraat dui op 'n plek wat alleen en weg van iets anders is. Die seun voel ook alleen en anders as ander kinders.

4. Daar is duidelike ooreenkomste tussen die twee karakters.

4.1 Skryf die uitdrukking uit die slotparagraaf neer wat suggereer dat die twee karakters eenders is.

“Ons twee is eintlik voëls van eenderse vere.”

4.2 Lees weer die uittreksel en maak 'n lys van die ooreenkomste wat daar tussen die twee karakters, is.

Albei het nie meer 'n pa nie.

Albei bespeel 'n musiekinstrument.

Albei bly op 'n kleinhoewe en ry met die bus skool toe.

5. Waarom wou die seun aanvanklik nie vir die meisie sê hy speel klavier nie?

Hy was bang sy dink hy is 'n swakkeling en vertel dit aan haar maats.

6. Die meisie komplimenteer die seun twee keer. Skryf dit neer.

Sy sê hy het 'n naelloper se lyf en hy het pragtige hande.

7. Natuurlik kan 'n mens nie uit 'n kort uittreksel so hierdie 'n karakter ten volle leer ken nie. Maar wat sal jy sê is die grootste verskil tussen die twee karakters se optredes?

Die meisie is meer spontaan, want, sy gesels makliker en vertel meer van haarself as die seun wat meer geslote is.

8. Skryf nou jou eie paragraaf oor wat jy dink verder gebeur het toe die twee op die bus klim.

Leerders se eie kreatiewe paragraaf.

Volksverhaal: Die nuuskierige aap (Week 9 en 10: Aktiwiteit 113)

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Waarom was dit moeilik om te bepaal of Hond 'n goeie of slegte hond was? Verduidelik volledig in jou eie woorde.

Die Hond het die heelyd gelê en slaap. Dit kan dus nie bepaal word of hy rats, vinnig, 'n goeie waghond, ensovoorts was nie.

2. Waarom dink jy word die diere name in die storie met hoofletters geskryf? Dit is mos soortname en nie eiename nie?

Hier word die soortname wel as eiename gebruik.

3. Vul die ontbrekende woorde in die volgende sin in.

- Aap het die hond **deeglik** bekyk en besef dat dit die **eerste** keer is dat hy so 'n dier sien.
4. Noem drie uitstaande eienskappe van Aap.
Aap is nuuskierig, hy kan niks met rus laat nie en kan nie 'n geheim bewaar nie.
 5. Wat word daarmee bedoel dat die diere nie *tweedehandse nuus* (paragraaf 3) wou hoor nie?
Die diere wou self gaan kyk na die vreemde dier waarvan Aap hulle kom vertel het.
 6. Maak 'n lys van die verskillende diere en hul reaksies toe hulle vir Hond sien.
Olifant was selfversekerd dat hond nie 'n olifant is nie.
Okapi het sagmoedig gesê dat Hond nie 'n Okapi of Kameelperd is nie.
Ietermagô het na Hond gekyk, maar niks gesê nie. Hy wou eers daarvoor nadink, want hy was wys.
 7. Met watter van hierdie diere kan jy jouself vergelyk en waarom?
Leerders se eie antwoorde, byvoorbeeld: Ek is soos net soos Ietermagô, want ek gee nie maklik my mening oor 'n saak nie.
 8. Die ruimte waarin skilpad hom bevind, is vreemd. Verduidelik.
Die skilpad sit in 'n boom. Dit is vreemd, want skilpaaie kan nie boom klim nie.
 9. Hoe het skilpad geweet wat Hond se naam is?
Sy is al van baie lank gelede af daar en het alles gesien en gehoor. Skilpaaie word baie oud.
 10. Hoe sluit paragraaf 10 en paragraaf 13 bymekaar aan?
In paragraaf 10 wil Aap weet wie of wat 'n hond is. In paragraaf 13 kry ons die rede waarom honde ander diere jaag.
 11. Lees weer paragraaf 14. Wat is die letterlike en figuurlike betekenis van die woorde *slapende honde moet met rus gelaat word*?
Letterlik verwys dit daarna dat 'n hond wat slaap en wakker gemaak word kwaai en gevaarlik kan wees.
Figuurlik beteken dit dinge wat moeilikheid kan veroorsaak moet liefsvol vermy word.
 12. Skryf 'n idioom neer wat die laaste paragraaf illustreer.
Spyt kom altyd te laat.
 13. Watter soort verteller tref ons in die verhaal aan?
Alomteenwoordige verteller.

Gedig: Harlekyn van die dieretuin (Week 9 en 10: Aktiwiteit 114)

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Bestudeer die titel. Wie of wat is 'n harlekyn? Skryf 'n sinoniem vir die woord *harlekyn* neer.
'n Harlekyn is 'n persoon wat in 'n sirkus of aan koninklike hof grappe gemaak het.
Hanswors.
2. Die titel *Harlekyn van die dieretuin* is 'n voorbeeld van 'n metafoor. Verduidelik waarom dit as 'n metafoor gesien kan word.
Die apie word gelyk gestel aan 'n hanswors (ander woord vir harlekyn).
3. Bestudeer versreël 1. Wie is die *hy* en wie is die *agies* waarna hier verwys word?
Die *hy* is die apie en die *agies* is die besoekers aan die dieretuin.

4. Tussen versreëls 1 en 2 tref ons 'n oop wit gedeelte (tipografiese wit) aan. Waarom is daar so 'n groot wit gedeelte tussen die apie en die mense wat vir hom kom kyk?

Dit dui aan dat die apie in 'n hok vasgevang is, weg van die res van die wêreld.

5. Wat doen die apie as hy die mense sien?

Die aap spring en spat die water woës.

6. Lees weer versreëls 6 tot 8. Tot watter verkeerde gevolgtrekking kom die toeskouers hier?

Hulle dink die aap probeer snaaks wees en daarom lag hulle.

7. Verduidelik die gebruik van die dubbelpunt aan die einde van versreël 12.

Na die dubbelpunt volg 'n verduideliking van wat die mens van die aap roof.

8. Waarvan word die aap beroof? Verduidelik volledig.

Die aap word van sy vryheid beroof. Ape hoort in die berge en vlaktes in die vrye natuur en nie in hokke in dieretuine nie.

9. Lees weer die gedig en dink mooi na oor die inhoud. Bespreek met 'n maat of dit reg is om diere in hokke aan te hou.

Leerdere se eie antwoorde.

Kwartaal 4

Kortverhaal: Optelgoed (Week 1 en 2: Aktiwiteit 122)

Vrae en voorgestelde antwoorde

- Skryf twee redes neer wat Rozanne aanvoer waarom sy die selfoon vir haarself wil hou.
 - Die eienaar van die selfoon het nie sy goed opgepas nie en optelgoed is hougoed.**
 - Haar selfoon is nie meer in 'n goeie toestand nie en sy wil graag 'n nuwe selfoon hê.**
- Watter soort verteller tref ons in die verhaal aan? Motiveer jou antwoord deur as bewys 'n gepaste aanhaling uit paragraaf 1 neer te skryf.

Ek-verteller. "Dis wat ek besluit toe ek ..."
- Die gebeure in die verhaal draai hoofsaaklik om Rozanne. Bespreek haar as hoofkarakter deur 'n lys te maak van haar karaktereienskappe soos uit die verhaal blyk.
 - Rozanne is aktief en fiks, want sy ry op 'n skaatsplank in die parkie rond.**
 - Sy hou nie van popspeel nie en dink nie skaatsplankry is net vir seuns bedoel nie.**
 - Sy is nie van nature oneerlik nie, want dit voel verkeerd toe sy die selfoon in haar rugsak sit.**
 - Sy kon nie vir haar ma 'n leuen vertel nie.**
 - Sy kan vinnig 'n plan uitdink, want toe haar ma die foon vir die polisie wou neem, het sy voorgestel dat sy die simkaart inlos vir 'n paar dae en as iemand dit nie soek nie, sy dit sal hou.**
 - Sy is skrikkerig en bang, want elke keer as die foon lui is sy bewerig en sweet sy.**
 - Sy is verward, want sy verstaan nie die stem en boodskap op die foon nie.**
 - Sy is bang en kry 'n nagmerrie.**
 - Sy is onoplettend, want sy het nie gesien die ballonverkoper het 'n narpak aan nie.**
 - Daar is nog verskeie eienskappe wat die leerders kan neerskryf. Hulle moet net hulle afleidings kan motiveer.**
- Tussen paragraaf 11 en 12 en paragraaf 37 en 38 tref ons 'n oop wit gedeelte aan. Verduidelik die rede daarvoor.

Die wit gedeeltes dui aan dat daar tyd verloop het.
- Lees weer paragraaf 20. As jy die slot van die verhaal in gedagte hou, wie dink jy is dit wat oor die foon gepraat het?

Die verhaal is 'n spookstorie, so 'n mens kan aflei dat dit die vermoorde student is wat praat. Dit was 'n spookstem.
- Wat het Rozanne oorreed om wel die foon by die polisie in te handig?

Die berig oor die nuus dat 'n student by die eendedam tussen die riete vermoor is.
- Waarom, dink jy, wou die polisie aanvanklik nie vir Rozanne glo nie?

Niemand sal jou maklik glo as jy vertel dat 'n vreemde stem, moontlik 'n spook, jou gebel het om te sê die nar is die moordenaar nie.
- Verduidelik in jou eie woorde hoe jy dink die spookstem gehelp het om die moordenaar te vang.

Leerders se eie antwoorde. Hier kan hulle werklik hul verbeelding vrye teuels gee om 'n oplossing uit te dink.
- Noem twee ooreenkomste tussen die foto van die moordenaar en die nar in Rozanne se nagmerrie.

Die oranje frilletjies hemp en die wit handskoene.

10. Watter les is daar vir ons as lesers in hierdie verhaal opgesluit?

- Dit kan gevaarlik wees om alleen na 'n parkie te gaan.
- 'n Mens moet oplettend wees, want klein besonderhede kan help om 'n misdaad op te los.
- Optelgoed is nie noodwendig hougoed nie. Handig dit by die polisie in.
- Luister na jou ouers se raad en waarskuwings. Hulle weet van beter.

Kortverhaal: Die beursie (Week 3 en 4: Aktiwiteit 132)

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Lees die titel van die verhaal.

1.1 Dink jy dit is 'n gepaste titel? Motiveer jou antwoord.

Ja, want die verhaal handel oor die beursie wat Pieta opgetel het.

1.2 Kan jy aan 'n ander titel vir hierdie verhaal dink? Skryf dit neer.

Leerdere skryf hul eie titels neer. Eerlike Pieta word beloon.

2. Skryf twee bewyse uit die eerste paragraaf neer dat Pieta innerlike konflik beleef.

Sy hart wat teen sy ribbes bons en sy hande wat sweterig is dui daarop dat hy bang is.

3. Sou jy sê Gabba is iemand wat swakkeres hardhandig hanteer?

Motiveer jou antwoord. Wat noem ons so 'n persoon?

- Ja, want Gabba is groter as Pieta en hy het hom van die grond af opgelig.
- Nee, Gabba was een van Pieta se maats en hulle het net gespeel.
- 'n Boelie is iemand wat swakkeres afknou.

4. Skryf 'n uitdrukking uit paragraaf 5 neer wat beteken om vinnig weg te hardloop.

Laat spaander.

5. Pieta se pa beskuldig hom daarvan dat hy 'n *pickpocket* is (paragraaf 12). Skryf die Afrikaanse woord vir *pickpocket* neer.

Sakkeroller.

6. Wat beteken dit as Pieta *die naambord van die drankwinkel in sy pa se donker oë gesien het* (paragraaf 16)?

Pieta het die begeerte na drank in sy pa se oë gelees.

7. Wat was Pieta se motivering om ongemerk die beursie uit sy pa se baadjiesak te neem?

Hy was bang sy pa gaan die geld op drank uitmors en hy wou dit vir sy ma gee.

8. Wat het daartoe aanleiding gegee dat Pieta besluit het om die beursie aan die eienares terug te besorg?

Die foto van die baba wat siek gelyk het, het Pieta laat wonder of die mense nie die geld sal benodig vir medisyne nie.

9. Verduidelik waarom daar 'n groot wit spasie (tipografiese wit gedeelte) tussen paragrawe 30 en 31 is?

Die wit gedeelte dui 'n tydsprong in die verhaal aan.

10. Wat was vir Pieta die grootste beloning wat uit die hele episode na vore gekom het?

Die feit dat sy pa trots was op hom.

11. Watter lewensles lê opgesluit in hierdie verhaal?

'n Mens moet eerlik wees en nie ander se besittings vir jouself hou nie.

Gedig: Dis mos musiek (Week 3 en 4: Aktiwiteit 133)

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Lees weer versreël 1 van die gedig. Hoe kan daar musiek in die bome wees? Verduidelik.
Die wind wat deur die bome suis, of die blare wat ritsel, klink soos musiek. Die voëls wat in die bome is, sing, tjirp en fluit.
2. Wie of wat maak *musiek in die vlei* (versreël 2)?
Dis heel waarskynlik die paddas wat kwaak wat in die vlei musiek maak. Daar kan seker ook ander goggas en besies wees wat in die vlei geluide maak.
3. Hoeveel strofes tref ons in die gedig aan? **Drie.**
4. Watter ooreenkomste is daar tussen strofe 1 en strofe 3?
Albei strofes begin met die woorde *daar's musiek* en albei strofes se laaste twee versreëls is dieselfde.
5. In die gedig is daar baie herhalings. Watter effek het dit?
Dit gee aan die gedig 'n sangerige effek.
6. In die tweede strofe kry ons twee voorbeelde van klanknabootsing. Skryf dit neer en verduidelik waarom dit as klanknabootsing gesien kan word.
**Die *kiere – kierie kriek* is die geluid wat die krieke maak.
Wanneer die koekoek ('n soort voël) sing, klink die klanke asof hy roep: *piet-my-vrou*.**
7. Skryf 'n klanknabootsende woord neer vir branders wat breek.
Klots.
8. Die woorde – *en dis elke dag* (versreël 6 en 19) is van toepassing.
 - 8.1 Watter boodskap wil die spreker met die herhaling van hierdie woorde aan die leser oordra?
Die musiek in die natuur duur vir altyd. Dit is nie tydelik soos 'n konsert wat na 'n uur of so klaar is nie.
 - 8.2 Hoe word hierdie woorde in die gedig uitgehef? Noem slegs twee.
**Deur die gebruik van die aandagstreep.
Deur agterplasing in die versreëls.
Deur eindplasing in die gedig.
Deur die woorde te herhaal.**
9. Lees weer die gedig. Wat dink jy is die tema van hierdie gedig?
**Ons moet mooi luister, want oral in die natuur tref ons die musiek van die skepping aan.
'n Mens hoef nie noodwendig musiek te maak nie, oral in die natuur is daar musiek.**

Kortverhaal: Het jy nie dalk vir ons vuurhoutjies nie? (Week 5 en 6: Aktiwiteit 138)

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Watter woord reg aan die begin van die verhaal dui vir die leser aan dat hierdie verhaal moontlik 'n spanningsverhaal kan wees?
Begraafplaas.

2. Watter beroep beoefen die hoofkarakter Piet Kriel?
Piet Kriel is 'n polisiekonstabel wat nagdiens doen.
3. Die tyd en ruimte in hierdie verhaal dra by om spanning te skep. Verduidelik.
Die ruimte waarin die verhaal afspeel is naby 'n begraafplaas en die tyd is in die nag terwyl dit donker is. 'n Mens is altyd bang om in die nag alleen in die omgewing van 'n begraafplaas te wees, daarom skep hierdie twee aspekte spanning.
4. Noem twee redes waarom Piet in die gat geval het.
**Dit was donker en hy kon nie goed sien nie.
Hy het nie die gebied goed geken nie en was nie bewus van die komposgat nie.**
5. *Nee, dis nie 'n leë graf nie* (paragraaf 4). Hoe het Piet geweet dat hy nie in 'n leë graf geval het nie? Noem twee redes.
Die gat is hopeloos te groot en te diep en verder is die wande tot bo met bakstene uitgemessel
6. Watter twee pogings wend Piet aan om uit die gat te kom?
**Hy spring en probeer met sy vingerpunte die rand van die gat raak.
Hy probeer teen die hoeke van die gat uitkom.**
7. Skryf 'n woord uit paragraaf 4 neer wat beteken hy het aanvaar dat hy nie uit die gat gaan kom nie.
Berus.
8. Met watter gewoonte wat hy het, was Piet ontevrede?
Die gewoonte om gebruikte vuurhoutjies terug te sit in die vuurhoutjiedosie.
9. Watter geluk was daar darem vir Piet?
Hy sou nie te lank moes wag dat dit lig word nie en dan kon hy sien om 'n plan te maak om uit die gat te kom.
10. Noem twee redes waarom Piet moontlik geglimlag het toe hy iemand hoor fluit-fluit nader kom.
Hy glimlag toe hy die deuntjie herken en ook omdat hy dink hier kom moontlik hulp om uit die gat te kom.
11. Hoekom het Piet die man geamuseerd gesit en dophou terwyl hy probeer om uit die gat te kom?
Piet het uit ondervinding geweet dis onmoontlik om uit die gat te kom.
12. Hoe weet die leser dat die fluiters glad nie bewus was van Piet se teenwoordigheid in die gat nie?
Hy kom hurk regoor Piet, want sy oë was nie gewoond aan die donker nie.
13. Verduidelik wat veroorsaak het dat die fluiters dit wel reggekry het om uit die gat te spring.
Die fluiters het so groot geskrik dat hy die onmoontlike reggekry het en uit die gat kon spring. Hy het moontlik gedink dit is 'n graf waarin hy geval het en dat dit 'n spook was wat met hom gepraat het.
14. Verduidelik waarom dit 'n baie dom ding was van Piet om die man so groot te laat skrik?
Die man kon vir Piet gehelp het om uit die gat te kom, maar nou is hy weg en Piet sal die res van die nag daar moet sit en wag tot hulp opdaag.
15. Verklaar die titel van die verhaal.

Die titel is die woorde wat Piet aan die fluiters vra en dit is die woorde waarin die humor van die verhaal geleë is.

Gedig: Die dans van die reën (Week 5 en 6: Aktiwiteit 139)

Vrae en voorgestelde antwoorde

- Hierdie gedig is 'n tipiese voorbeeld waar die titel van 'n gedig die inhoud van die gedig ontsluit. Verduidelik.
In die titel van die gedig word dit vir die leser duidelik gemaak dat die gedig eintlik handel oor 'n reënbui en die blydskap daaroor.
- Waarmee word die reën in hierdie gedig vergelyk?
Met 'n dans.
- Waar kan die eerste tekens van reën gesien word?
In versreël 2 wanneer die wolke skelm oor die bergtop loer.
- Haal twee aparte woorde uit strofe 1 aan wat daarop dui dat hulle die reën gehoor het.
“... lag saggies”
- Skryf 'n versreël uit strofe 1 neer wat aandui dat hulle tekens van weerlig gesien het.
“haar armbande blink en haar krale skitter”
- Na watter belangrike gebeurtenis word die wind uitgenooi? Skryf slegs een woord neer.
'n Bruilof.
- Waar kom die groter diere bymekaar as hulle bewus raak van die reën wat naderkom?
Op 'n hoogte.
- Die grootwild beleef die gebeurtenis met hulle sintuie (strofe 3).
 - Hoe weet ons dat hulle die reën geruik het?
Hulle sper hulle neusgate.
 - Wat is die fyn spore wat hulle op die sand sien?
Die eerste reëndruppels.
- Wie is die *kleinvolk diep onder die grond* (reël 15)?
Die goggas.
- ... *sy sprei die vaalkaros met altwee arms uit*; (versreël 22). Verduidelik hierdie versreël in jou eie woorde.
Die vaalkaros (kometers) is 'n metafoor vir die wolke wat in die lug saampak.
- Skryf 'n voorbeeld van persoonifikasie uit reël 23 neer.
Die asem van die wind raak weg.
- Waarom word die beginreël van die gedig aan die einde herhaal?
Dit rond die gedig af en bind die gedig tot 'n eenheid.

Kortverhaal: Roekelose Rosa (Week 7 en 8: Aktiwiteit 148)

Vrae en voorgestelde antwoorde

- Kan hierdie verhaal as 'n illusie van die werklikheid gesien word?

Ja, want al die goed wat Rosa aangevang het is moontlik en daar word uitgebeeld dat sy beseer is as gevolg van haar roekeloosheid. Die meeste daarvan was leuens wat sy vertel het. Dit is moontlik dat iemand sulke leuens kan uitdink en vertel.

2. Wie is die hoofkarakter in die verhaal? Waarom sê julle so.

Rosa is die hoofkarakter. Die gebeure sentreer rondom haar.

3. Hoe sluit die titel by die inhoud van die verhaal aan?

Die inhoud van die verhaal gaan oor Rosa se roekeloosheid en voorbeelde daarvan word gegee.

4. Noem 'n paar van die ander karakters wat ons in die verhaal aantref. Is hierdie karakters almal ewe belangrik, of sou julle dink sommiges speel 'n groter rol?

Rosa se mamma en pappa, haar ouma, vriend Herman en die skeepskaptein is nog karakters in die verhaal. Haar ma en pa, ouma en Herman kan as newekarakters gesien word, terwyl die res vlakkarakters is.

5. Hoe word Rosa as karakter beskryf? Beskryf haar innerlik sowel as uiterlik.

Innerlik: Die leerders gesels in hulle groepe oor innerlike kenmerke van Rosa. Hulle moet hulle stellings uit die teks kan bewys.

Uiterlik: Die leerders gesels in hulle groepe oor hoe hulle dink Rosa lyk.

6. Gesels in julle groep oor wat die tema van hierdie verhaal is.

Daar kan verskeie lewenswaarhede uit die verhaal geleer word. Die feit dat ouers nie oor hulle kinders se toekoms moet beslis nie, blyk 'n belangrike tema te wees.

7. Kyk of daar enige progressie in die verhaal is.

Daar is verskeie voorbeelde van progressie. Laat die leerders toe om dit deeglik te ondersoek. Hulle moet hul antwoorde motiveer. Daar is progressie ten opsigte van Rosa se waaghalsigheid. Daar is progressie in die woorde goed en fantasties. Daar kan selfs progressie in haar beserings gesien word.

8. Sonder botsings is 'n verhaal nie moontlik nie. Kyk of julle die volgende botsings uit die verhaal kan identifiseer:

- 8.1 Fisiese botsings

Rosa wat probeer vlieg.

- 8.2 Nie-fisiese botsing

Rosa se ouers wat met haar raas oor haar roekeloosheid.

- 8.3 Innerlike botsing

Rosa wat nie kosbaar wil wees nie.

9. Gesels in julle groep oor die tydsverloop in die verhaal.

Die tydsverloop is opeenvolgend. Die gebeure vind die een na die ander plaas. Daar kom nie tydspronge in die verhaal voor nie.

Vir verrying

Kortverhaal: Gulsige Harry

Vrae en voorgestelde antwoorde

Kontekstuele vrae

1. Lees die eerste twee paragrawe met aandag deur. Hoe weet die leser reg van die begin af dat Harry nie vertrou kan word nie? Gee twee bewyse.
Sy rewolwer lê swaar in sy jassak. Sy glimlag is aangeplak.
2. Bestudeer paragraaf 3 noukeurig. Daar is 'n duidelike kontras in hierdie paragraaf. Dui dit aan.
Sy glimlag flou, maar sê dit is 'n verrassing.
3. Harry sê: "Ja, Ja, ek weet," (paragraaf 4). Wat wéét hy?
Hy weet hy is onwelkom/ontydig.
4. Waardeur word Muriel se moedeloosheid in paragraaf 5 beklemtoon?
Sy sug.
5. Watter woorde in paragraaf 6 is 'n aanduiding dat Harry vroeër hofflik teenoor Muriel opgetree het, maar nou anders gaan optree?
"Noudat ..." / "is hy reg om op te tree..."
6. Wat word deur haar woning verklap (paragraaf 7)?
Sy is welgesteld/ryk.
7. Haal 'n voorbeeld van 'n vergelyking uit paragraaf 8 aan.
"...soos hy na 'n vis sal kyk wat aan sy lyn byt."
8. Lees paragraaf 9 en 10 met aandag deur. Is Harry se antwoord op Muriel se vraag in paragraaf 9 die waarheid? Motiveer.
Nee, want hy het 'n verskuilde motief – hy lag omdat hy dink dat hy haar 'n rat voor die oë gedraai het.
9. Wat is die funksie van die ellips in paragraaf 12?
Die leser kan sy gedagtes daar invoeg en dink aan die verskillende soorte paddas.
10. Watter karaktertrek van Harry kom na vore in paragraaf 13? Karakteriseer hom in een enkele woord.
Gulsigheid.
11. Hoe word die rewolwer in paragraaf 16 beskryf? Watter afleiding kan jy daaruit maak?
"...koud en hard en dodelik." Dat Harry ongenaakbaar gaan optree/Harry besit 'n gevaarlike wapen.
12. Waarom het Muriel net daar bly sit "... met 'n simpel glimlag op haar gesig" (paragraaf 26)?
Sy het geweet dat Harry binnekort buite aksie gestel gaan word deur die gifstof wat die paddas deur hulle vel afgee.
13. Wat is die funksie van die ellipse in paragraaf 31 en 32?
Dit suggereer dat die gif begin werk. Hy het asemnood.

Literêre vrae

1. Watter soort verteller is hier aan die woord? Haal 'n sin as bewys aan.

Alomteenwoordige verteller. Enige toepaslike aanhaling:

“Maar hy gee nie om nie ...”

2. Is die titel gepas? Motiveer.

Ja, want dit verwys na Harry se geldgierigheid.

3. Botsings kom oral in hierdie verhaal voor. Watter soort botsing kom voor...

3.1 wanneer Harry vir Muriel met die rewolwer dreig

Uiterlike botsing

3.2 as Muriel besef Harry is net agter haar geld aan?

Innerlike botsing

4. Ons leer Harry ken as 'n skurk wat gulsig is. Watter tegnieke wend die skrywer aan om hom aan die leser bekend te stel? Noem twee.

Deur dit wat die verteller van hom sê/deur sy woorde/deur sy handeling.

5. Volg die tyd waarin die verhaal afspeel op mekaar? Verduidelik.

Ja, die verhaal is chronologies. Dit begin waar Harry Muriel besoek, tot wanneer hy later sterf aan asemnood.

Volksverhaal: Die Japanese klipkapper

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Skryf dit wat die “persoon” elke keer wou wees, onder mekaar neer. Begin by die klipkapper.

Klipkapper

Ryk man

Koning

Son

Wolk

Rots

Klipkapper

2. Kan 'n mens sê dat daar 'n mate van progressie (vooruitgang of trapsgewyse opklimming) is in dit wat die man telkens begeer om te wees?

Ja, hy wil telkens iets word wat “magtiger” is. Daar is 'n mate van progressie teenwoordig.

3. Waar begin hy en waar eindig hy? Verduidelik.

Hy begin as 'n klipkapper en eindig by 'n klipkapper.

4. Hoe verskil die klipkapper wat in die eerste paragraaf beskryf word van die klipkapper wat in die laaste paragraaf (paragraaf 11) beskryf word?

Die klipkapper in die eerste paragraaf is ontevrede en ongelukkig. Aan die einde van die verhaal is die persoon gelukkig en tevrede met sy lot.

5. Skryf die twee lewenswaarhede wat uit hierdie verhaal geleer word, neer.

Wees tevrede met wie en wat jy is. Die gras lyk altyd groener aan die ander kant van die draad, maar dit is nie regtig beter daar nie. 'n Mens moet hard werk vir jou geld, die spreekwoord sê nie verniet “arbeid adel” nie. Daar sal altyd mense wees wat magtiger, ryker, slimmer as jyself is.

Volksverhaal: Mnr. Veldmuis is te trots

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Wat wou mnr. Veldmuis eintlik sê toe hy sê dat sy dogter nie met iemand moes trou wat 'n familielid was nie?
Hy wou nie dat sy met 'n veldmuis moes trou nie. Sy moes met iemand beter as 'n veldmuis trou.
2. Wat beteken dit as iemand *voortreflik* (paragraaf 2) is?
Uitmuntend, uitstekend, baie goed.
3. Waarom was die wind sterker as die wolk (paragraaf 3)?
Hy kon die wolk rond waai.
4. Haal 'n uitdrukking uit paragraaf 3 aan wat sê dat die wind die wolk rondgestoot het.
“... dit stoot my herwaarts en derwaarts.”
5. Wat het weer die wind gestuit?
'n Klipmuur het die wind gestuit.
6. Bestudeer die volgende sin wat uit paragraaf 5 kom: “Mnr. Veldmuis hardloop oë na die klipmuur en verduidelik sy sending.”
 - 6.1 Hoe hardloop 'n mens “oë na die klipmuur”?
Hy kyk na die klipmuur terwyl hy hardloop.
 - 6.2 Wat was sy sending?
Hy wou vir sy dogter 'n voortreflike man soek om mee te trou.
7. Wie was sterker as die klipmuur?
Die veldmuis wat 'n gat in die muur geknaag het.
8. Tot watter besef kom mnr. Veldmuis?
Dat 'n veldmuis tog goeie troumateriaal is.
9. Skryf die lewenslesse soos dit in paragraaf 7 uitgespel word, in jou eie woorde neer.
Wees tevrede met jouself en soek 'n troumaat onder jou eie mense. Moenie jouself beter ag as ander nie. Dit is mooi en goed om nederig te wees. Moenie status najaag nie, maar eerder geluk en tevredenheid.

Gedig: Die ou vrou en die paddas

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Lees versreël 2 aandagtig deur.
 - 1.1 Is die tempo van hierdie versreël vinnig of stadig?
Stadig.
 - 1.2 Wat dra tot die tempo van hierdie versreël by?
Die baie kommas maak dat die leser dit stadig lees.
2. Waarom sou die vrou tjie krom wees?
Ou mense loop gewoonlik krom. 'n Mens word krom met ouderdom.
3. Bestudeer versreëls 5 en 6.
 - 3.1 Waarom is die kinders vir die vrou tjie bang?

Sy tree vreemd op deur paddas in die donker te wil vang.

3.2 Hoe word dit uitgehef dat die kinders vir haar bang is?

Daar is 'n uitroepteken aan die einde van hierdie sin.

4. In versreël 7 word vertel hoe die vroujie rondsoek. Watter tegniek gebruik die digter om te beklemtoon dat die vroujie rondsoek?

Die herhaling van die woord *soek*.

5. Haal een woord uit die laaste strofe wat die paddas beskryf.

Kwaai.

6. Waarin is die komiese (humor) geleë?

Die vroujie skrik so groot vir die paddas dat sy binne-in die water val.

Gedig: Die oorplanting

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Wat noem 'n mens 'n strofe wat uit twee versreëls bestaan?

Koeplet.

2. Waarom is die gebruik van hierdie soort strofe gepas?

Die gedig gaan oor twee diere (krokodil en likkewaan) en is daarom gepas.

3. Bestudeer versreël 6. Watter tegniek het die digter aangewend om die draai-aksie van die bakleiery tussen die krokodil en die likkewaan uit te beeld?

Die herhaling van die voegwoord *en*: stoei en rol en draai.

4. Bestudeer versreël 7 en 8.

4.1 Waardeur word die woord *vermoor* uitgehef?

Die aandagstreep vestig die aandag op hierdie woord.

4.2 Is die tempo in versreël 8 vinnig of stadig? Wat bewerkstellig dié tempo?

Die tempo is stadig. Die baie leestekens (komma en punt) bewerkstellig die stadige tempo.

5. Bestudeer versreël 11 en 12 noukeurig.

5.1 Skryf die twee woorde wat 'n kontras vorm, neer.

Aspris en per abuis vorm 'n kontras.

5.2 Gee 'n sinoniem vir die woord *aspris*.

Met opset.

5.3 Gee 'n sinoniem vir die woord *per abuis*.

Per ongeluk.

6. Verduidelik in jou eie woorde wat dokter Otter verkeerd gedoen het en hoe die name hierby aanpas.

Dokter Otter het Likkewaan se stert aan Krokodil se lyf vasgewerk (en andersom). Die name pas hierby aan: die name is saamgestel uit die twee diere se name: Krokowaan en Likkedil.

7. Watter rymskema kom in hierdie gedig voor?

Paarrym.

Drama: Racheltjie de Beer: Geen groter liefde

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Wat is 'n karakterlys wat aan die begin van die drama gegee word?
Dit is 'n lys van karakters wat almal in die drama speel.
2. In watter tydperk speel hierdie drama af?
Dit speel af in 1843 tydens die Groot Trek na die noorde.
3. Hoe weet jy dat Johannes moeg gehardloop en uitasem is in spreekbeurt 2?
Die toneelaanwysings (tussen hakies) sê dat hy uitasem is. Die akteur sal dus maak of hy kortasem is. Die gehoor sal dit dus hoor. Die leser sal dit lees.
4. Watter woord in spreekbeurt 3 sê dat dit baie koud is?
Snerpend.
5. Waarom is elke dier kosbaar vir hulle trek na die noorde?
Hulle trek die wildernis in. As 'n dier doodgaan, kan dit nie vervang word nie.
6. Wat is spreekbeurt 7 dui aan dat hierdie drama in die "ou tyd" afspeel?
Die gebruik van lampe in plaas van byvoorbeeld flitse soos vandag die gebruik is.
7. Hendrik sê in spreekbeurt 9 dat die kalfie gaan verklui. Hoekom is hierdie woorde ironies?
Die dier gaan gered word, maar sy sussie gaan verklui.
8. In spreekbeurt 13 is Rachel aan die woord. Noem twee dinge waaruit die kyker kan aflei dat dit baie koud is.
Sy bibber. Haar woorde sê dat die wind erg is. Sy gebruik ook die tussenwerpsel sjo.
9. Waarom word die lig verdoof na spreekbeurt 21?
Die tragiese gebeure waar sy doodgaan word nie uitgebeeld nie. Die kyker lei dit net af. As die lig weer aangaan, is sy reeds dood.
10. Waarom is die pa en ma albei so ontsteld in spreekbeurt 23 tot 25?
Die ma het gedink die kinders is by die pa en die pa het gedink die kinders is by die ma. Hulle besef dus dat die kinders soek is en is daarom ontsteld.
11. Wat noem 'n mens dit as die hele groep saam na iets soek? Die antwoord kom in spreekbeurt 26 voor.
Soekgeselskap.
12. Waarom is daar net een ry spore in die sneeu volgens spreekbeurt 29?
Die dogtertjie het haar broertjie gedra.
13. Bestudeer spreekbeurt 36 noukeurig.
 - 13.1 Wie is Nkosi?
Dit verwys na die Here.
 - 13.2 Wat sê Johannes eintlik hier? Wat noem 'n mens dit as iets sagter gestel word om nie seer te maak of aanstoot te gee nie?
Hy sê dat sy dood is. Dit is versagting (eufemisme).
 - 13.3 Wat lei jy uit die woordorde van die spreker af?
Uit die omgekeerde woordorde kan ons aflei dat dit 'n tweedetaalspreker is.

Die woorde van die verteller is gedeeltes uit A.G. Visser se gedig "Sneeuwitjie". Leerders bestudeer spreekbeurte 1, 10, 14, 18, 28 en 37 en beantwoord die vrae wat daarvoor gestel is:

14. Na watter *groter liefde* verwys die woorde in spreekbeurt 1?

Die liefde om jou lewe vir jou medemens af te lei. Dit kan ook na Jesus se kruisdood verwys.

15. Bestudeer spreekbeurt 10. Watter rymskema kry ons hier? Benoem dit.

abab is gekruisde rym.

16. Spreekbeurt 18 is van toepassing. Watter enkele woord in hierdie spreekbeurt dui op iemand wat vir iemand anders die weg wys?

Gids.

17. Bestudeer spreekbeurt 37 noukeurig.

17.1 Na wie se warm hart word hier verwys?

Rachel de Beer.

17.2 Wie word in die tweede strofe aangespreek? Wat is die doel hiervan?

Die jong mens van vandag wat nie swaarkry ken nie. Hulle word betrek by hierdie tragiese gebeure.

17.3 Waarom word na Rachel de Beer as *Sneeuwitjie van die veld* verwys?

Dit verwys na die sneeu wat wit oor haar lyf gelê het toe hulle haar gevind het.